GEDAGTE VIR DIE DAG

"RUS. 'n Land wat gerus het, produseer oorvloedige oes"

NUUSBRIEF 14 **22 JUNIE 2022**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die betekenis van die idioom "arbeid adel" is dat om te werk, 'n beter en gelukkiger mens van jou maak. In die lig hiervan, is ons oortuig daarvan dat ons leerders, ouers en onderwysers waarlik gelukkig-tevrede moet wees, want almal het die afgelope kwartaal baie hard gewerk. Die vrug van die arbeid is duidelik sigbaar.

Ons wens elkeen 'n welverdiende ruskans toe.

Ons is verskriklik hartseer om juffrou Tanja Kellerman, 'n uitstekende en geliefde Wiskunde juffrou, aan die einde van die kwartaal te groet. Sy het die liefde van haar lewe ontmoet en verhuis Kaap toe. Ons beste wense vergesel haar. Juffrou Manli Snyman sal die leisels by haar oorneem.

Lees asseblief elke keer die **Belangrike Brokkies** wat waardevolle inligting gee.

BELANGRIKE BROKKIES

1. **Kommunikasie:**
   - Ouers is enige tyd welkom om die registeronderwyser oor algemene sake te kontak, bv. die skool in te lig oor 'n situasie by die huis.
   - Ouers is ook welkom om enige tyd die vakonderwyser oor enige navraag te kontak.
   - Indien u nie weet wie die regte persoon is om te kontak nie, besoek gerus ons webwerf of skakel ons. Vera en Letitia sal u na die regte persone verwys.
2. **Badkamers:**
   Ons is baie trots op ons badkamers. Die afgelope tyd is daar groot moeite gedoen om die badkamers met mooi prente en plante te versier. Die terreinpersoneel het ook elk 'n spesifieke badkamer waarvoor hulle verantwoordelik is. Ons moedig die leerders aan om die badkamers altyd netjies agter te laat.

INLIGTING

RAPPORTE EN OUERMIDDAE

Die Grondslagfase rapporte is Dinsdag aan ouers beskikbaar gestel en ouers het die geleentheid om vir Donderdag, 23 Junie, afsprake met die onderwysers te maak.

Die Intersenfase se rapporte word Vrydag, 24 Junie om 12:00 beskikbaar gestel. Ouers is welkom om vanaf Dinsdag, 19 Julie, afsprake vir Maandag, 25 Julie te maak.

PROGRAM VIR VRYDAG, 24 JUNIE 2022

GRAAD	TYD	AKTIWITEIT
1 – 3	07:45 – 08:45	Saalopening
	08:45 – 09:00	Beweeg na klasse
	09:00 – 09:45	Gewone klas
	09:45 – 10:00	Pouse
	10:00 – 12:00	Gewone klas
	12:00	**SKOOL SLUIT**
4 – 7	07:45 – 08:45	Saalopening 1
	08:45 – 09:00	Kort pouse
	09:00 – 09:45	Saalopening 2
	09:45 – 10:00	Pouse
	10:00 – 12:00	Periode 5 – 8
	12:00	**SKOOL SLUIT**

"DEFEND A FRIEND"

Die graad 4- tot 7-leerders het op Dinsdag, 21 Junie, die geleentheid gehad om deur stories, soos Aspoestertjie, te leer om op te staan teen boelies en ook om hul vriende te verdedig. Ons vertrou dat die leerders die rympie "*don't be a bully, stand up for a friend, so you can defend*" lank sal onthou en toepas.

TRUTH KOSPAKKIES

Onthou asseblief om voor die skool sluit, 'n kospakkie by te dra vir die vakansie. U volgehoue ondersteuning word opreg waardeer.

KLEREWINKEL VAKANSIE-URE

Vrydag, 24 Junie 2022	07:00 – 15:00
Maandag, 27 Junie tot Woensdag, 13 Julie 2022	Gesluit
Donderdag en Vrydag, 14 en 15 Julie 2022	08:00 – 16:00
Maandag, 18 Julie 2022	08:00 – 17:00

SPORTTOERE

Ons hokkie- en krieketspanne sien met groot opgewondenheid uit na die toere wat vir die eerste keer sedert 2019 gebeur. Ons wens hul alle sterkte toe.

- **Hokkie**
  - Dogters o/12 en o/13: Witrivier, 26 – 30 Junie 2022
  - Seuns o/12 en o/13: Bloemfontein, 14 – 17 Junie 2022
- **Krieket**
  - Seuns o/13: Witrivier, 26 – 30 Junie 2022

KRIEKETWEEK

Daar lê ook opwindende krieket-weke voor!

Krieket week 1	o/09 – o/11	27 – 30 Junie 2022
Krieket week 2	o/12 – o/13	04 – 07 Julie 2022

Baie dankie aan elkeen vir hul opoffering tydens die vakansie om dié fantastiese weke by te woon.

RIDGE SNOEPIE

Het u geweet dat u beheer kan uitoefen oor u kind se aankope by die snoepie? Volg asseblief die skakel vir meer inligting: **RIDGE SNOEPIE**

HHCU FONDSINSAMELING

Die *Highveld Horse Care Unit* is 'n nie-winsgewende organisasie, betrokke by perderedding, rehabilitasie ens., wat totaal en al van donasies afhanklik is. Indien u belangstel om dié saak te ondersteun, klik asseblief op die volgende skakel. **HHCU FONDSINSAMELING**

STUDIEMETODE-KURSUS

Maak gerus gebruik van die breedvoerige studiekursus wat tydens die skoolvakansie plaasvind. Volg asseblief die skakel vir meer inligting. **STUDIEMETODE-KURSUS**

MANDELADAG – 22 JULIE 2022

Op Vrydag, 22 Julie 2022, vier ons Nelson Mandeladag by *Midstream Ridge Laerskool*. Op hierdie dag sal elke kind, 67 minute van sy/haar eie tyd afstaan om HOOP aan letterlik duisende mense te bring, wat die bewustheid kweek dat ons 'n groot verskil kan maak met 'n klein mate van bedagsaamheid. Tydens die 1ste en 2de periodes van Vrydag, sal elke leerder sy/haar eie bottel in hul registerklas vul en versier. Die mikpunt is om 30 koffiebottels per registerklas vol te maak. *Midstream Ridge Laerskool* sal 1,260 sopbottels bydra, om sowat 7,500 volwassenes te voed. Ons wil u by voorbaat bedank vir u ondersteuning. **MANDELADAG 2022**

SPRING FEST 10 SEPTEMBER 2022

Volg asseblief die onderstaande skakel vir meer inligting: **SPRING FEST 2022**
Maak uself gereed vir HIERDIE eksklusiewe TOP-kunstenaars deur betyds u *Spring Fest* kaartjies te koop!
https://www.howler.co.za/events/midstream-springfest-bf37

TOELATING VIR GRAAD 8'S VIR 2023

As gevolg van die oormaat aansoeke vir graad 8 vir volgende jaar sal die toelatingsproses in fases geskied. Die toelatingskriteria berus hoofsaaklik op akademiese prestasie. Die eerste fase is afgehandel en 'n aantal leerders sal dienooreenkomstig ingelig word. Faktore soos of u binne een van die Midstreamlandgoedere bly, of u reeds kinders in die hoërskool het en of u kind in een van ons laerskole was, speel ook 'n rol, maar ongelukkig is laasgenoemde geen waarborg vir 'n plek vir u kind nie.
Tydens fase twee sal leerders se tweede kwartaal rapporte verder in ag geneem word en sal daar weer 'n klompie leerders aan die begin van die derde kwartaal aanvaar word. Wees asseblief geduldig. Ons sal wel aanbeveel dat u ook 'n plan B het. Nadat die toegelate leerders hul plekke aanvaar het en hul deposito's betaal het, sal finale getalle bevestig word. As gevolg van kansellasies en plekke wat oopgaan, sal daar aan die begin van die vierde kwartaal weer enkele leerders toegelaat word.

KIBOOKS

Kibooks gee leerders die geleentheid om oral en op enige toestel te lees. Neem asseblief kennis van die opwindende aanlynbiblioteek – *Kibooks*, deur op die volgende skakel te klik. **KIBOOKS**

PONIEKAMP BY CAPRIOLE STALLE

Soos gewoonlik het ons 'n Poniekamp gedurende die skoolvakansie om die kinders aktief besig te hou en hul die kans te gee om pret-herinneringe te maak. Die Poniekamp is geskik vir beide beginners en ervare ruiters aangesien die kinders in groepe verdeel word. Snoephappies en middagete sal voorsien word. Ons Junie/Julie 2022 Poniekamp duur vanaf Maandag, 27 Junie 2022 tot Vrydag, 01 Julie 2022 en ook die week daarna vanaf Maandag, 04 Julie tot Vrydag, 08 Julie 2022 vir half- en voldagkampeerders. Tien dae van avontuurpret met lieflike ponies! Perdry is 'n wonderlike aktiwiteit wat die selfbeeld 'n hupstoot gee en goeie balans, koördinasie en korrekte postuur bevorder. Vir meer inligting en 'n kans om perdry te probeer, is besprekings nou oop! Die opsies is:

Voldag: 9:00-17:00 @ R320 per dag, geskik vir ouderdomme van 8 en op. (R1500 vir 5 dae).
Halfdag: 9:00-13:00 @ R240 per dag (R1100 vir 5 dae), geskik vir ouderdomme van 8 en op.

Kontak vir Karen Portman by 082 573 4797/082 414 7378 of per e-pos by equineiq@mweb.co.za.
Volg asseblief die skakel vir meer inligting en inskrywings: **PONIE-KAMP**

TRUTH BE TOLD	SUPPORT@MIDSTREAM is 'n inisiatief van die Geloofsgemeenskap van Midstream, wat in samewerking met Bondev, 'n veilige spasie skep vir inwoners wat emosionele ondersteuning benodig. 'n Span opgeleide personeel staan gereed om u deur enige krisis of uitdaging te begelei. Volg asseblief die skakel vir meer inligting: SUPPORT@MIDSTREAM

Midstream Ridge-groete

VERNON HARMSE
SKOOLHOOF

SKOOL HEROPEN DV DINSDAG 19 JULIE 2022